RIZA® GOLD 300 SC

Reg. No./Nr. L 9312: Act No. / Wet nr. 36 of / van 1947

A suspension concentrate systemic fungicide for the control of diseases as indicated in wheat, barley, maize, and soybeans.	'n Suspensiekonsentraat sistemiese swamdoder vir die beheer van siektes in koring, gars, mielies, en sojabone soos aangedui.

FUNGICIDE GROUP CODE	**3**	**SWAMDODERGROEP**

Active ingredient: **Aktiewe bestanddele:**

Tebuconazole (triazole) …….. 225 g/ℓ …… Tebukonasool (triasool)

Flutriafol (triazole) …….. 75 g/ℓ …… Flutriafol (triasool)

Net volume **5 ℓ** **Netto volume**

Registered by / Geregistreer deur:
FMC Chemicals (Pty) Ltd
Post Box 44
Postnet Menlyn
Waterkloof Glen
0181

For any emergency or poisoning contact:
Griffon Poison Information Centre (24 hrs)
+27-(0)-82-446-8946

Batch Number		Lotnommer
Date of Manufacture		Vervaardigingsdatum

UN number/ VN nommer: 3082



Copyright © FMC, All rights reserved. ® is a trademark of FMC Corporation or an affiliate.

WAARSKUWINGS:

ONTHOUDINGSPERIODES: (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes). MOENIE DIE GEWAS OES VOORDAT DIE VOLGENDE INTERVALLE TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES VERLOOP HET NIE:

GEWAS	MINIMUM AANTAL DAE
Mielies	**7**
Sojabone	**49**
Koring en gars	**77**

LET WEL: Bogenoemde onthoudingsperiodes is gebaseer op plaaslike vereistes vir residuvlakke en mag verskil van ander lande waarheen behandelde produkte moontlik uitgevoer word. Raadpleeg die invoerder of uitvoerliggaam oor die korrekte gebruik, aanvaarbare onthoudingsperiodes en maksimum residu vlakke vir die invoerland as 'n behandelde gewas bestem is vir uitvoer.

- Behandelde lande moet op geen tydstip bewei word nie.
- Skadelik indien ingesluk, ingeasem of deur die vel geabsorbeer word.
- Matig irriterend vir oë en vel. Mag sensitisering deur velkontak veroorsaak.
- Kan irritasie van die oë veroorsaak.
- Giftig vir vis
- Giftig vir diere en voëls.
- Berg in 'n koel plek agter slot en grendel weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Herbetreding: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Vir veiligheid tydens vermenging:

- Dra oogbeskerming (gesigskerm). Indien dit in kontak met oë kom, spoel oë met skoon water onmiddellik uit.
- Dra rubberhandskoene. Indien vel kontak, was dit onmiddellik af.
- Indien dit op klere mors, trek uit en was dit.
- Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.

Vir veiligheid tydens toediening:

- Vermy inaseming van die spuitnewel.
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik.
- Vermy oorwaai na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.

Vir veiligheid na toediening:

- Maak toediener deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.

- Was die houer uit as dit leeg is. Moet dit nie weer vir enige ander doel gebruik nie.
- Trek werksklere uit en was dit.
- Was uself.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:

In geval van vergiftiging ontbied onmiddellik 'n dokter. Laat pasiënt stil lê. Neem houer, etiket of produk naam en Produk Registrasie Nommer saam wanneer mediese hulp gesoek word. Simptome behels passiwiteit, swak mobiliteit, kort asem, speeksel afskeiding, spier spasma en verhoogde ligaamstemperatuur.

NOODHULPBEHANDELING

Vel kontak: Spoel vel onmiddelik af met baie water vir 15-20 minute en trek besoedelde klere uit. Bel 'n dokter as irritasie ontwikkel.

Spatsels in oë: Spoel oë onmiddelik uit met water of oog spoelmiddel. Hou ooglede oop en spoel uit met water vir 10 – 15 minute totdat geen residu van chemikalieë oorbly. Indien irritasie voortduur, gaan na 'n dokter.

Ingeasem: Skuif persoon na vars lug. Soek mediese hulp as ongemak voortduur.

Indien RIZA® GOLD 300 SC ingesluk is, moet nie braking veroorsaak nie. Spoel mond uit en gee persoon 'n hele paar glase water of melk. As braking voorkom, spoel mond uit en gee nog glase water of melk. Neem die pasiënt en produketiket dadelik na 'n dokter.

MEDIESE BEHANDELING: Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandeling is ondersteunend en simptomaties. Indien 'n maagspoeling gedoen word, verhoed aspirasie van maaginhoud. Oorweeg toediening van geaktiveerde houtskool en 'n purgeermiddel.

WEERSTANDWAARSKUWING:

RIZA® GOLD 300 SC is 'n groepkode 3 (triasool) swamdoder. Enige patogeen populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **RIZA® GOLD 300 SC** of enige ander groepkode 3 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swam populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **RIZA® GOLD 300 SC** of enige ander groepkode 3 swamdoder, beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van swamdoders in dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak u plaaslike agent of die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Gebruiksbeperkings:

Die opname en doeltreffendheid van 'n sistemiese middel soos **RIZA® GOLD 300 SC** sal nadelig beïnvloed word wanneer dit op gewasse onder ernstige stremmingstoestande toegedien word. Daarom moet toediening van **RIZA® GOLD 300 SC** onder sulke toestande, nie aanbeveel word nie. Moet **RIZA® GOLD 300 SC** nie meer as **vierkeer** per seisoen op dieselfde gewas toedien nie.

VERENIGBAARHEID:

Die verenigbaarheid van **RIZA® GOLD 300 SC** kan egter beïnvloed word deur die formulering van ander produkte asook die kwaliteit van die verdunningswater. 'n Fisiese verenigbaarheidstoets word om die rede voor toediening aanbeveel. Tenkmengsels moet gedurende vermenging en toediening aanhoudend geroer word. Tenkmengsels moet dadelik toegedien word en nie vir enige tydsduur bv. oornag, laat staan word nie.

MENGINSTRUKSIES:

Maak die spuittenk halfvol met water en begin roering. Skud die houer goed voor gebruik en voeg die korrekte hoeveelheid **RIZA® GOLD 300 SC** by die spuittenk terwyl aanhoudend geroer word en voeg daarna die res van die water by die spuittenk om dit vol te maak. Moenie die tenkmengsel oornag laat staan nie.

TOEDIENING:

Grondtoediening:

Gebruik 'n minimum van 300 ℓ water/ha om optimale bedekking te verseker.

Lugtoediening:

RIZA® GOLD 300 SC kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 - 40 liter per ha word aanbeveel (mielies 40ℓ/ha). Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 50 – 70 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 tot 300 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Aanbevelings

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
GARS **Netvlek** (*Pyrenophora teres*) (*Helminthosporium spp*.)	**Grondtoediening:** 1000 mℓ / ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 1200 mℓ/ha in 30ℓ water	Dien toe sodra die eerste simptome van die siekte verskyn, in die periode tussen 7- blaar tot begin aarstadium. Onder toestande van hoë siektedruk mag vroeëre bespuitings nodig wees. 'n Tweede bespuiting 3 weke later word aanbeveel.
KORING **Bruinaarsiekte** (*Septoria nodorum*)	**Grondtoediening:** 750 tot 1000 mℓ / ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 1200 mℓ/ha in 30ℓ water	Dien toe sodra die eerste infeksie op die vlagblaar waargeneem word maar nie later as die blomstadium nie. Gebruik die laer dosis onder lae siektedruk toestande.

KORING **Geelroes / streeproes** (*Puccinia striiformis*)	**Grondtoediening:** 750 mℓ/ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 900 mℓ/ha in 30 ℓ water	Dien **RIZA® GOLD 300 SC** toe met die eerste tekens van die siekte. Herhaal toediening binne 4 - 6 weke indien 'n herinfeksie voorkom. Moet nie na blom toedien nie.
MIELIES **Grysblaarvlek** (*Cercospora zeae-maydis*)	**Grondtoediening:** 1000 mℓ/ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 1250 mℓ/ha in 30 ℓ water	Begin toediening voordat 5% van die totale blaaroppervlakte siektesimptome toon **OF** voordat simptome op enige van die drie blare onder die kop verskyn. 'n Tweede bespuiting mag 3 - 4 weke later nodig wees indien die aanvanklike toediening binne 3 weke voor bestuiwing gedoen is. Indien die aanvanklike toediening eers 3 weke na bestuiwing gedoen is, mag 'n enkele bespuiting voldoende wees.
MIELIES **Noordelike blaarskroei** (*Exserophilum turcicum*) (*Helminthosporium*)	**Grondtoediening:** 1000 mℓ/ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 1250 mℓ/ha in 40 ℓ water	Begin toediening sodra 1% van die totale blaaroppervlakte siekte-simptome toon **OF** voordat simptome op enige van die vyf blare onder die kop verskyn. In hierdie geval moet onmiddellik met toediening begin word ongeag die totale blaaroppervlakte wat besmet is. Herhaal toediening 14 dae later. Inspekteer lande daagliks aangesien die siekte baie vinnig versprei onder ideale weerstoestande (Verlengde periodes van nat plante a.g.v. reën of dou en matige temperature).
LET WEL: RIZA® GOLD 300 SC kan afgewissel word met geregistreerde formulasies van Azoxystrobin en Chlorothalonil in 'n voorkomende spuitprogram. Raadpleeg die etikette vir volle besonderhede. Moet nie **RIZA® GOLD 300 SC** afwissel met ander triasoolbevattende middels nie.		
SOJABONE **Roes** (*Phakopsora pachyrhizi*)	**Grondtoediening:** 750 mℓ/ha in 300 ℓ water **Lugtoediening:** 900 mℓ/ha in 40 ℓ water	Dien toe sodra die eerste simptome verskyn en herhaal bespuiting 14-21 dae later. Wanneer weerstoestande bevordelik is vir ontwikkeling van die siekte (temperature van 15-28^{o}C en hoë vogtigheid) spuit teen korter interval. Indien die siekte gedurende blom of vroeë peulvuil voorkom sal meer as een bespuiting per seisoen nodig wees. Indien die siekte laat in die groeiseisoen voorkom sal een bespuiting voldoende wees. Verseker deeglike bedekking van die hele plant.